Berg-en-Dal

# EPIFANIE

## Sondag, 7 Januarie 2024




*"Staan op, laat jou lig skyn! Ja, jou lig het gekom, en die heerlikheid van die Here skyn oor jou. Ja, kyk, donkerte bedek die aarde, en diepe duisternis die volke; maar oor jou skyn die Here, en oor jou word sy heerlikheid sigbaar. Nasies sal na jou lig trek, en konings na die helder lig van jou sonsopkoms. ... Die Here sal as 'n ewige lig daar wees."*

**(Jesaja 60:1-3 en 19-20)**

*"Jesus is in Betlehem, Judea gebore... Daarop het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied, noukeurig by hulle navraag gedoen oor wanneer die ster verskyn het... En kyk, die ster wat hulle in die Ooste gesien het, het voor hulle uit beweeg totdat dit tot stilstand gekom het reg bo die plek waar die Kindjie was. Toe hulle die ster sien, het hulle 'n onbeskryflike groot vreugde ervaar."*

**(Matteus 2:1, 7 en 9-10)**

*"Want die verlossende genade van God het verskyn vir alle mense, en voed ons op, sodat ons in hierdie bedeling verstandig en regverdig en godvresend kan leef, deur goddeloosheid en wêreldse begeertes te verwerp, terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van ons groot God en Verlosser, Jesus Christus..."*

**(Titus 2:11-13)**

**Ons verwelkom jul almal – oud en jonk, vriend en vreemdeling – by ons eerste erediens van 'n nuwe jaar, 2024. Hiermee wens ons jou ook die seën van die Here toe, op jou lewe voor Sy aangesig, vir jou en jou geliefdes.**

Die diens volg die liturgie soos hieronder uiteengesit; agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou jul een benodig. Soek solank die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin op. Maak asb. ook seker jou selfoon stil gestel is.

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278 – twee keer) |
| **Votumgebed** | |
| **Gebedslied:** | "U wat as Hemelkoning" (Lied 354:2) |
| **Seëngroet** | |
| **Loflied:** | "Sing juigend, sing 'n nuwe loflied!" (Psalm 33:1 en 7 – staande) |
| **Gebed en epiklese** | |
| **1e Skriflesing:** | Jesaja 60:1-6, 14 en 18-22 |
| **Gebedslied:** | "Die regte tyd het aangebreek" (Lied 341:1) |
| **2e Skriflesing:** | Matteus 2:1-3, 7-12, 16 en 19-20 |
| **Gebedslied:** | "Vir ons gebore as 'n mens" (Lied 341:2) |
| **3e Skriflesing:** | Titus 2:1, 11-14 en 3:4-7 |
| **Gebedslied:** | "God maak ons kind en erfgenaam" (Lied 341:3) |
| **Verkondiging** | |
| **Verootmoediging:** | "Lei U ons, Lig" (Lied 511:1 en 2) |
| **Geloofsbelydenis** | Apostolicum |
| **Danklied:** | "O Vader, al die lof en eer" (Lied 341:4) |
| **Liefdesgawe** | |
| **Slotlied:** | "Here, hoeveel blye dae" (Lied 571:1, 3 en 4 - staande) |
| **Seënbede** | |
| **Amen** | |

Volgende Sondagoggend, 14 Januarie 2024, lei ds. Johan Marais die erediens. Ons eerste Fokus-blaadjie vir 2024 verskyn die Sondag daarná (21/1), wanneer ons kategese vir die jaar begin. By die deure (en môre by die Kerkkantoor) is die Almanak vir 2024 beskikbaar.